# DIE APOSTOLIESE GELOOF SENDING VAN SUID AFRIKA

**AGS VRYHEID NUWE LEWE GEMEENTE**

POSBUS 153, VRYHEID, 3100

H/V KERK EN EMMETTSTRAAT, VRYHEID

TEL NO: 034 982 2523

AGS NUWE LEWE VRYHEID
NABY OMGEE IMPAK

# GEMEENTEBELEID

**(INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 2.4.1 VAN DIE KONSTITUSIE VAN DIE AGS VAN SA, hierna genoem 'Die Kerk')**

**1. NAAM**
Die naam van die gemeente is: AGS Vryheid Nuwe Lewe Gemeente. 'n Gemeente van die Apostoliese Geloof Sending van Suid Afrika.

**2. ONTSTAAN**
Die gemeente glo en verklaar dat:

- sy ontstaan, voortbestaan en bestemming van God is;
- dit 'n openbaring van die Kerk van Jesus Christus is, onder Sy heerskappy as Hoof, ooreenkomstig die uitsprake van die Heilige Skrif, die werking van die Heilige Gees en die bedieninge deur Hom ingestel.

**3. GELOOFSBELYDENIS**
Die gemeente onderskryf die Geloofsbelydenis van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika soos bepaal in die 'Aanhef'(A.3) tot die Konstitusie van die Kerk, wat soos volg lees:

- **ONS GLO** in die ewige drie-enige God, Almagtige Skepper, onderhouer en regeerder van die ganse skepping.
- **ONS GLO** in God die Vader, die outeur van die skepping en verlossing.
- **ONS GLO** in Jesus Christus die enigste Seun van God die Vader, ware God wat terwille van die mensdom en sy verlossing van die hemel neergedaal en vlees geword het; wat verwek is deur die Heilige Gees en gebore is uit die maagd Maria; wat op die aarde geleef en gekruisig is, gesterwe het en begrawe is, wat uit die dood opgestaan en opgevaar het na die hemel waar Hy aan die regterhand van die Vader sit.
- **ONS GLO** in die Heilige Gees, ware God wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel en ons in die hele waarheid lei.

- **ONS GLO** dat die Bybel die Woord van God is en geskryf deur mense onder die inspirasie van die Heilige Gees. Ons glo dat dit die wil van God gesaghebbend verkondig, en ons alles leer wat vir die saligheid nodig is.
- **ONS GLO** dat alle mense na die beeld van God geskape is; a.g.v. hulle sondige opstand is hierdie beeld geskend; dat alle mense voor God gesondig het en dit die wil van God is dat alle mense deur geloof in Jesus Christus saligheid sal ontvang.
- **ONS GLO** in die doping met die Heilige Gees, met die spreke in tale as een van die tekens daarvan. Ons glo dat 'n Christen 'n dissipel van Jesus Christus behoort te wees en 'n toegewyde en heilige lewe moet lei.
- **ONS GLO** dat Jesus Christus die Hoof van die geloofsgemeenskap is wat deur die Heilige Gees saamgevoeg is en wat bestaan uit alle wedergebore gelowiges. Die geloofsgemeenskap is verantwoordelik vir die verkondiging en demonstrasie van die evangelie en God se wil vir alle mense. As charismatiese gemeenskap verkeer hulle onderling en stig mekaar.
- **ONS GLO** dat die doop van die gelowige deur onderdompeling en die nagmaal instellings van Jesus Christus is en deur die geloofsgemeenskap onderhou moet word.
- **ONS GLO** dat op die God-bestemde tyd Christus Jesus sy geloofsgemeenskap sal kom wegneem.
- **ONS GLO** in die oordeelsdag wanneer Christus Jesus die lewende en die dode sal oordeel. Ons glo in die opstanding van die liggaam en 'n ewige lewe vir die regverdige en ewige straf vir die goddelose. Ons glo in 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God in heerlikheid sal regeer.

**4. VISIE**

Ons sien 'n **GELOOFSGEMEENSKAP** wat

- **NABY** aan God leef
- **OMGEE** vir mekaar
- **IMPAK** maak in ons Wêreld

Ons maak gebruik van **drie (3)** kern woorde, **NABY**, **OMGEE**, **IMPAK** om in algemene omgangstaal uitdrukking aan die Visie van die gemeente te gee.

**5. MISSIE**

Deur **GENADE** is ons **BEKRAGTIG** om die **WÊRELD** in te **GAAN**, die boodskap van die **KONINKRYK** van God te **VERKONDIG** en te **DEMONSTREER**, elke mens in **LIEFDE** te **DISSIPILEER**, ten einde 'n **GELOOFSGEMEENSKAP** te kan wees wat saam met Christus op aarde **HEERS** deur die **KRAG** van die **HEILIGE GEES**.

**6. STRATEGIE**

Ten einde ons Visie en Missie te bereik volg ons **9 (nege)** strategiese beginsels waaronder ons die **8 (agt)** beginsels van natuurlike kerkgroei hierby inkorporeer. Elke beginsel ontvang **3 (drie)** Inter-afhanklike dryfvere wat die toepassing vir ons gemeente funksionering definieer.

**1. BEMAGTIGENDE LEIERSKAP**

- **MODELLEER, MOTIVEER, DUPLISEER**
  **MODELLEER**: 'n Leierskapstyl wat die Christus identiteit nie net leer nie maar ook leef.
  **MOTIVEER**: Leiers wat andere nie net leer nie maar ook tot groei & ontwikkeling motiveer.
  **DUPLISEER**: 'n Mentorsbenadering wat gerig is op die voortdurende opwekking & voortgesette ontwikkeling van nuwe leiers.

**2. PASSIEVOLLE SPIRITUALITEIT**

- **WOORD, GEES, LEEF**
  **WOORD**: Ons wil 'n spiritualiteit ontketen wat skrif gebasseer is deur o.a (Teologiese Opleiding, Woordskole, Seminare & die aanbieding van aanverwante Kursusse) ens.
  **GEES**: Waarin die werking en beweging van die Heilige Gees & Gawes kenmerkend is – (Koninkryk "Etos")
  **LEEF**: Ons wil 'n spiritualiteit ontketen wat op alle gebiede prakties uitgeleef word (Daders van die Woord)

3. **INSPIRERENDE EREDIENSTE**

- **AANBIDDING, LITURGIE, LERING**
  **AANBIDDING**: Ons wil mense begelei na 'n plek van intieme ontmoeting met God.
  **LITURGIE**: 'n Liturgiese styl wat beide Goddelik en natuurlik is.
  **LERING**: Suiwer Woordbediening wat die mens op 'n relevante vlak aanspreek binne sy unieke konteks.

4. **HOLISTIESE VERSORGING**

- **KOPPE, HARTE, HANDE**
  **KOPPE**: Kleingroep en pastorale sorgsisteme waarvan die inhoud die siels-aspek van ontwikkeling aanspreek.
  **HARTE**: Kleingroep en pastorale sorgsisteme wat die hart van die mense bereik en verandering meebring.
  **HANDE**: Kleingroep en pastorale sorgsisteme wat diensbaarheid aanwakker en ledemate mobiliseer.

5. **LIEFDEVOLLE VERHOUDINGE**

- **GENADE, WAARHEID, REGVERDIGHEID**
  **GENADE:** Genade vereis 'n onvoorwaardelike benadering tot diegene wat die Here ons padlangs bring.
  **WAARHEID**: Ons spreek die waarheid in liefde – Ons bring korreksie waar nodig is omdat ons lief is en omgee vir mekaar.
  **REGVERDIGHEID**: Besluitneming wat gebasseer is op die beskerming en vooruitgang van die liggaam en nie die uitsluitlike belang van die individu nie.

6. **DOELGERIGTE RENTMEESTERSKAP**

- **GEES, SIEL, LIGGAAM**
  **GEES**: Ons streef doelgerig daarna om goeie Rentmeesters te wees van die Geestelike aspek van ons lewens.
  **SIEL**: Ons streef doelgerig daarna om goeie Rentemeesters te wees van die Sielsdimensie van ons lewens.
  **LIGGAAM**: Ons streef doelgerig daarna om goeie Rentmeesters te wees van ons Liggame as tempel van God.

7. **GAWE GEBASSEERDE BEDIENING**

- **WYSHEID, TOEWYDING, KRAG**
  **WYSHEID**: Om die korrekte aanwending van Gawes in die liggaam t.o.v bedieninge te onderskei en te plaas.
  **TOEWYDING**: Is 'n vereiste vir betrokkenheid in bediening. – G.B.L beginsel (Getrou, Beskikbaar, Leerbaar)
  **KRAG**: Die regte gawe plasing sal krag in bedieninge vrystel en gepaardgaande vrug oplewer. Vrug sal die maatstaf wees waarvolgens die effektiwiteit & korrekte plasing van bedieninge geëvalueer word.

8. **EFFEKTIEWE STRUKTURE**

- **BINNEWAARTS, UITWAARTS, BOWAARTS**
  **BINNEWAARTS**: Ons strukture moet die liggaam dien en funksionering komplimenteer asook bevorder.
  **UITWAARTS**: Strukture moet sodanig wees dat dit die ongelowiges kan bereik en aanspreek in hul konteks.
  **BOWAARTS**: Alle strukture moet skriftuurlik gefundeer en tot eer van God wees.

9. **BEHOEFTE GEORIËNTEERDE EVANGELISASIE**

- **GEBED, SORG, DEEL**
  **GEBED**: Die vestiging van 'n gebedskultuur wat oplyn met die Missionale karakter van die Nuwe Testament.
  **SORG**: 'n Gemeente wie se Missionale aktiwiteite die gemeenskap se Eties & Sosio-Ekonomiese behoeftes op 'n praktiese en relevante wyse aanspreek.
  **DEEL**: Die vestiging van 'n Markplein mentaliteit waar gelowiges aanvaar dat elkeen van ons deur God geroep en bekragtig is om die Evangelie van Jesus Christus na die wêreld te neem.

As gemeente erken ons en inkorporeer ons terselfdetyd die voorgestelde Visie, Missie, Strategie en Waardes van die Nasionale Leierskap van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika soos uiteengesit in die One AFM Game Plan.

7. **GEESTELIKE BEDIENINGE EN GAWES**

AGS Vryheid Nuwe Lewe Gemeente erken dat elke gelowige 'n bediening van God ontvang het, asook 'n gawe (s) om die bediening uit te leef. Die primêre funksie van AGS Vryheid Nuwe Lewe Gemeente is om gelowiges toe te rus vir goeie dienswerk vir die opbou van die liggaam van Christus, deur die Vyfvoudige bediening volgens ***Ef. 4:1-16***

***Ef.4:11 "En Hy het sommige gegee as***

- **APOSTELS**, ander as
- **PROFETE**, ander as
- **EVANGELISTE**, ander as
- **HERDERS** en
- **LERAARS**

***(12) om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,***

8. **DIE KERNWAARDES EN ANDER PROMINENTE WAARDES**
*Die gemeente onderskryf die volgende kernwaardes:*

- **GENADE**

As gemeente heg ons groot waarde aan die uitleef van ons geloof vanuit die verstaan dat ons hiervoor bekragtig word deur die progressiewe openbaring van God se genade. Hierdie bekragtiging is gefundeer in ons verstaan van die kruis realiteit nl. dat God se liefde nie verdien kan word nie, maar dat ons Hom liefhet en met oorgawe dien as 'n geesgedrewe respons op die openbaring van ons herstelde identiteit in Christus en God se groot liefde vir ons.

**Romeine 5:8 "…maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. (9) Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn."**

**1 Johannes 4:19 "Ons het Hom lief omdat Hy ons eerste liefgehad het"**

Ons aanvaar terselfdetyd dat hierdie genade egter geen vrypas vir die sonde is nie.

**Romeine 6:1 "Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? (2) Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?**

**1 Thessalonisense 4:7 "Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking."**

**Titus 2:11 – 12 "Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en die wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe "**

Bogenoemde waarde is in ooreenstemming met die aanvaarde posisie van die AGS van SA t.o.v Dogmaties, Eties en Liturgiese sake soos aanvaar tydens die 2014 Algemene Besigheidsvergadering gehou op Dinsdag 09 September 2014 tot Donderdag 11 September 2014 in terme van Afdeling 5.3 van die Kerk se Konstitusie wat lees:

- The AFMSA accepts that the believer can be assured of eternal life in Jesus Christ by the grace of God through the working of the Holy Spirit.
- The AFMSA believes that such a believer should accept the responsibility to live a holy and consecrated life as the disciple of Jesus Christ.

- **EENHEID**

As gemeente heg ons groot waarde aan Eenheid. Ons vertrekpunt hier is die gebed van Jesus in **Johannes 17** waar Hy die volgende bid.

**Johannes 17:22 "En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U my gegee het sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is."**

Ons glo dat daar 'n betrokke seën vrygestel word waar gelowiges in eenheid leef en saam daarna streef. **(Psalm 133:1-3)** Die aard en karakter van hierdie eenheid word regdeur die Ou & Nuwe Testament benadruk en vorm die ruggraat vir die effektiewe en vredevolle funksionering van die gemeente van God. **(1 Kor.14:33)**

Daarom heg ons groot waarde aan die beskerming en handhawing van die eenheid in alle aspekte van die gemeente se lewe & streef ons doelgerig daarna om die eenheid van die Gees te bewaar.

**Efésiërs 4:3 "…en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede"**

- **DIENSBAARHEID**

As gemeente heg ons groot waarde aan diensbaarheid. Ons glo dat ons as 'n geloofsgemeenskap nie geroep is om gedien te word nie, maar om mekaar te dien as 'n uitdrukking van ons liefde vir God en sy mense. Hierdie diensbaarheid vereis dat elke gelowige as ledemaat van die liggaam hom/haarself beskikbaar sal stel om deur die Here gebruik te word.

**Markus 10:42-45**

**9. REGSTATUS/HANDELSBEVOEGHEID**

9.1 Die gemeente is 'n regspersoon met ewigdurende regsopvolging, geregistreer deur die Nasionale Leierskapforum as 'n goedgekeurde plaaslike gemeente van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika, ingevolge Artikel 2.1 van die Konstitusie van die Kerk, met die Bestuursraad soos saamgestel in terme van Afdeling 9 van hierdie beleid as sy Agent. Gevolglik is die gemeente 'n onafhanklike regspersoon onderskei van die AGS en /of sy vennote, en of die vennote van die gemeente en sal, onderhewig aan die Konstitusie en Regulasies van die Kerk, as onafhanklike regspersoon:

9.1.1 geregtig wees om vaste eiendom, bates en fondse te besit onderskei van die AGS en sy vennote of die vennote van die gemeente;

9.1.2 geregtig wees om regte, verpligtinge, voorregte, magte en verantwoordelikhede op te neem, onderskei van die AGS en sy vennote of die vennote van die gemeente;

9.1.3 geregtig wees om regsaksies in sy eie naam in te stel en/of te verdedig;

9.1.4 geregtig wees om regshandelinge van watter aard ookal in sy eie naam te verrig;

9.1.5 geregtig wees om eiendom te verkry, te vervreem en/of te bewaar en op enige wyse daarmee te handel;

9.1.6 geregtig wees om persone in diens te neem en om diensooreenkomste aan te gaan, welke indiensneming die beroep van pastore of enige ander personeel insluit;

9.1.7 geregtig wees om bankrekeninge te open, te bedryf en te sluit.

9.2 Die Bestuursraad het die bevoegdheid om enige regshandeling te verrig wat nodig mag wees om die roeping van die Gemeente te vervul, en om die besigheid en sake van die Gemeente te bedryf, en om die magte soos bepaal in Artikel 2.4.4 van die Konstitusie van die Kerk te beoefen, en om die bedrywighede van die gemeente namens die gemeente te beheer.

9.3 Die Bestuursraad in samewerking met die Finansiële komitee sal inkomste, uitgawes, bates en laste van die plaaslike gemeente ontvang, administreer en daarvoor rekenskap gee, ingevolge die bepalings van die Nasionale Finansiële Beleid wat deel vorm van die regulasies tot die Konstitusie van die AGS en soos wat in hierdie beleid omskryf is.

9.4 Die Konstitusie en Regulasies van die Kerk sal die Konstitusie en Regulasies van die gemeente wees.

**10. LIDMAATSKAP**

AGS Vryheid Nuwe Lewe vervang die term "Lidmaatskap" met "Ledemaat".

'n Lidmaat van die AGS Vryheid Nuwe Lewe gemeente sal 'n natuurlike persoon wees, wat erken word as 'n "Ledemaat" van die Liggaam van Christus ooreenkomstig 1 Kor. 12:27 en wat die leerstellings van die AGS Vryheid Nuwe Lewe Gemeente aanvaar. In die geval van die gebruik van die term "lidmaat" sal dit terselfdetyd die aanvaarde betekenis van "Ledemaat" dra soos dit in die Bybel omskryf word.

Die "Ledemate" inskakelingsproses word deur die Bestuursraad bepaal.

**10.1 LIDMATE INSKAKELING PROSEDURE**

- Nadat persone bywyse van ons erediens afskeurstrokie of deur persoonlike kontak geindikeer het dat hul belangstel om lidmate te word van ons gemeente word voornemende lidmate tuis besoek deur die pastore van die gemeente.
- Tydens die besoek word vasgestel of persone belangstel om amptelik lidmate van die gemeente te word.
- 'n Inligtingsvorm word voltooi en 'n algemene inligtingstuk vir voornemende lidmate word oorhandig & geleentheid gegee vir die stel & beantwoording van vrae.
- 'n Datum vir die vereiste nuwe lidmate oriënteringsaand word tydens die aanvangsbesoek vasgemaak.
- Tydens die oriënteringsaand word fundamentele aspekte van leer en gemeente funksionering behandel & die gemeente beleid word in detail bespreek.
- Datum vir voorstelling & doop word met nuwe lidmate ooreengekom met die oog op amptelike lidmaatskap & inskakeling.
- Na die voorstelling word nuwe lidmate se inligting by die gemeente databasis gevoeg en ontvang hul dan voortaan alle gemeente korrespondensie.
- As ledemate van die liggaam deel hul dan voortaan in beide die voorregte en verantwoordelikhede van die gemeente.

**10.2 KENMERKE VAN LIDMATE:**

LIdmate van die gemeente sal persone wees wat:

- Wedergebore is;
- Die waterdoop van gelowiges ondergaan het en daartoe getuienis lewer;
- Die Bybel erken as primêre rigsnoer van gedrag, lering en lewe;
- Die riglyne vir die lei van 'n Christelike lewe soos in Rom.12:9-21 en elders in die Bybel uiteengesit nastreef;
- Die inhoud van hierdie gemeentebeleid onderskryf en ondersteun;
- Gehoor gee aan die leierskap voorskrifte soos deur die Bestuursraad van tyd tot tyd bepaal;
- Ingevolge die bepalings van Artikel 2.4.2 van die Konstitusie van die Kerk, die Leier Leraar (Presiderende Pastoor) erken as die primêre geestelike leier en visiedraer van die gemeente, en ander pastore indiens van die gemeente en hul onderskeie bedieninge;
- Betrokke is in die aktiwiteite van die gemeente;
- Getrou hul tiendes en offergawes na AGS Vryheid Nuwe Lewe gemeente bring, soos in Maleagi 3:10 en elders in die Bybel omskryf word;

**10.3 VEREISTES VIR LIDMAATSKAP**

- Bywoning van Nuwe Lidmate Oriënteringskursus
- Voorstelling aan Gemeente

**10.4 VOORTSETTING VAN LIDMAATSKAP**

- Betrokkenheid & ondersteuning aan die gemeente
- Gereëlde diens en kleingroep bywoning

**10.5 OPSKORTING VAN LIDMAATSKAP**

- Wanneer 'n persoon oor 'n langdurige tydperk nie die eredienste of gemeente aktiwiteite bywoon nie.
- Die pastoor & 'n afgevaardigde van die gemeenteraad sal die lidmate eers besoek om te hoor of hulle wel lidmaatskap wil beëindig;
- Wanneer lidmaatskap a.g.v kerklike tug ontneem word.

**10.6 VOORDELE VAN LIDMAATSKAP**

- Jy kry die geleentheid om te verdiep in jou verhouding met God deur 'n vars belewenis van God deur aanbidding en die bediening van die sakramente.
- Jy kry geestelike versorging deur relevante skrif gebasseerde prediking, woordskole en pastorale sorg.
- Jy kry geleentheid om vir jou bediening toegerus te word, ooreenkomstig die kenmerke en riglyne vir gedrag, lering en lewe soos neergelê in Afdeling 10.2 van die voorgenome gemeente beleid en elders in die skrif omskryf.
- Jy word deel van 'n dinamiese gemeente wat vir jou omgee en jou graag wil bevriend.
- Jy kry die geleentheid om jou God gegewe doel en taak op aarde te realiseer en uit te leef.
- Jou kinders kry die geleentheid om deel te wees van 'n dinamiese Kinder en Jeugbediening, waar hulle op toepaslike vlak met die Evangelie bedien word.
- Jy het die vryheid om deel te word van ouderdom gepaste bedieningsgroepe.
- Jy het die geleentheid om finansieël by te dra tot die uitbreiding van God se Koninkryk.
- Kan talente, gawes en roeping binne die raamwerk van die gemeente se visie en missie uitleef; ooreenkomstig die kenmerke en riglyne vir gedrag, lering en lewe soos neergelê in Afdeling 10.2 van die voorgenome gemeente beleid en elders in die skrif omskryf.
- Om geestelike ondersteuning te ontvang ten tye van nood, trauma, hartseer of siekte;

**10.7 DISSIPLINĔRE- EN GRIEWEPROSEDURES**

Die dissiplinêre en grieweprosedures van die gemeente sal in die gesindheid van liefdevolle broederlike vermaning en versoening ooreenkomstig die bepalings van Bylae 11.1 tot die konstitusie van die Kerk uitgevoer word.

## 11. DIE BESTUUR VAN DIE GEMEENTE

### 11.1 DIE BESTUURSRAAD

Ingevolge die bepalings van Artikel 2.5 van die Konstitusie van die Kerk sal die Bestuursraad die uitvoerende agent van die gemeente wees.

#### 11.1.1 KWALIFIKASIES

*Persone verkies of aangestel as Bestuursraadslede in die gemeente sal:*

- Geregistreerde aktiewe vennote van die gemeente vir ten minste (12) maande en in goeie stand met die pastoraat, leierskap en gemeente wees, en die kenmerke van ledemate openbaar;
- Wedergebore wees en die waterdoop van gelowiges ondergaan het en daartoe getuienis lewer;
- Gedoop wees met die Heilige Gees en daartoe getuienis lewer;
- Kwalifiseer in terme van die basiese skriftuurlike beginsels soos in 1 Tim. 3:1-12, Titus 1:5-9 en elders in die Bybel omskryf word;
- Oor leierskap- en/of bestuursvaardighede en/of bedieningsgawes beskik en sal streef om hierdie vermoëns ten goede van die gemeente aan te wend;
- Nie 'n ongerehabiliteerde insolvent wees nie;
- Aktief betrokke wees in die aktiwiteite van die gemeente;
- Gereeld sy/haar tiendes en offergawes aan die gemeente betaal;

### 11.1.2 GEDRAGSKODE

Lede van die Bestuursraad sal die gedragskode vir ouderlinge soos bepaal in Bylae 7.5 tot die Konstitusie van die Kerk onderteken.

### 11.1.3 GRIEWE EN DISSIPLINĚRE PROSEDURES

Die Griewe en Dissiplinêre prosedures soos bepaal in Bylae 11.1 tot die Konstitusie van die Kerk sal *Mutatis Mutandis* geld in die geval van wangedrag van enige lid van die Bestuursraad.

### 11.1.4 PLIGTE EN MAGTE

Die Pligte en Magte van die Bestuursraad sal in ooreenstemming wees met die bepalings van Artikel 2.4.3 tot 2.4.6, 2.5.2 en 2.5.3 van die Konstitusie van die Kerk wees.

### 11.1.5 SAMESTELLING

Die Bestuursraad sal soos volg saamgestel word

(i) 'n Minimum van 8 (agt) ledemate van die gemeente wat kwalifiseer ingevolge afdeling 11.1.1 hiervan, en 'n maksimum van 12
(ii) Die Leier Leraar (Presiderende Pastoor); en
(iii) Ander pastore in diens van die gemeente tot 'n maksimum van twee (2); en
(iv) Met dien verstande dat die totale besoldigde persone op die Bestuursraad nooit meer as veertig present (40%) van die raad sal uitmaak nie.

### 11.1.6 AANSTELLING

Die Bestuursraad sal met ingang 2016 vierjaarliks deur die gemeente verkies en aangestel word tydens 'n behoorlik gekonstitueerde algemene gemeentevergadering.

### 11.1.7 Aanstellings: Visie-voorsitter en Sekretaris van die Raad

Nadat die Raad aangestel is ingevolge afdeling 11.1.6 hiervan sal die Raad sy eie Visie-Voorsitter en Sekretaris verkies ingevolge die prosedures soos bepaal in Bylae 1 tot die Konstitusie van die Kerk.

### 11.1.8 VAKANTE POSTE

Vakante poste wat mag bestaan op die raad a.g.v. bedanking, afsterwe en/of tugstappe sal deur die Raad self gevul word by die eersvolgende raadsvergadering met inagneming van die bepalings van afdelings 11.1.1 en 11.1.5 hiervan.

**11.1.9 TERMINERING VAN LIDMAATSKAP**

Lidmaatskap van die raad termineer by bedanking, verlies aan gemeente lidmaatskapstatus, afsterwe en/of tugstappe ingevolge afdeling 11.1.3 hiervan.

**11.1.10 VERGADERINGSPROSEDURES**

Alle vergaderings van die bestuursraad van die gemeente sal gehou word in terme van die bepalings van Bylae 1 (Reglement van Orde) tot die konstitusie van die kerk.

**11.2 FINANSIËLE KOMITEE**

**11.2.1 AANSTELLING**

Die Bestuursraad sal 'n Finansiële Komitee van vyf (5) lede soos volg aanstel:

i. Vier (4) gemeentelede met finansiële/besigheid kundigheid, waarvan tenminste Een (1) 'n verteenwoordiger van die Bestuursraad sal wees; en
ii. Die Rekenmeester indiens van die gemeente.
iii. Die Finansiële komitee mag van tyd tot tyd nie-komitee lede op 'n *ad-hoc* basis gebruik waar gespesialiseerde kundigheid vereis word vir strategiese beplanning en hulp rakende finansiële besluitneming.
iv. Hierdie persone sal slegs met die oog op 'n bepaalde behoefte genader word maar sal geen stem of finale besluitnemingsreg hê nie.

**11.2.2 VOORSITTER**

Die Presiderende Pastoor sal die Voorsitter van die Finansiële komitee wees

**11.2.3 FINANSIËLE BELEID**

Die Finansiële komitee sal sy werksaamhede en die bedryf van die gemeente se finansies ooreenkomstig die Nasionale Finansiële Beleid (Bylae 10 tot die Konstitusie van die Kerk) en die gelyklopende gemeente Finansiële beleid soos goedgekeur deur die Bestuursraad handhaaf.

**11.2.4 VERANTWOORDELIKHEID**

Die Finansiële komitee sal aan die Bestuursraad rapporteer en verslag doen oor sy werksaamhede.

**11.3 PERSONEELBESTUUR**

**11.3.1 PERSONEEL BESTUURDER**

Die Bestuursraad sal 'n persoon vanuit die voltydse personeel aanstel as Personeelbestuurder wat die daaglikse kantoor bedryf sal beheer in samewerking met die onderskeie hoofde van departmente in die gemeente.

**11.3.2 DIENSKONTRAKTE**

Alle personeel soos aangestel deur die Bestuursraad, hetsy voltyds of deeltyds, sal voorsien word van 'n dienskontrak, pligstaat, gedragskode en dissiplinêre kode soos goedgekeur deur die Bestuursraad.

**11.3.3 DISSIPLINĔRE OPTREDE**

Die Personeelbestuurder sal verantwoordelik wees vir die implimentering en hantering van die dissiplinêre prosesse met uitsluiting van dié van Pastore indiens van die Bestuursraad.

Dissiplinêre optrede teen Pastore indiens van die Bestuursraad sal op die Arbeidsvlak deur die Bestuursraad hanteer word, en op die Pastorale Status vlak deur die Nasionale Leierskapforum ingevolge die bepalings van Bylae 11 tot die Konstitusie van die Kerk.

**11.4 GEESTELIKE BEDIENINGE**

**11.4.1 BESTUURSRAAD VERANTWOORDELIKHEID**

Ingevolge die bepalings van Artikels 2.4.3.1 en 2.4.5 van die Konstitusie van die Kerk sal die Bestuursraad onderskeidelik verantwoordelik wees vir die tydelike en geestelike belange van die gemeente, en die beroep van pastore na die gemeente om die algemene roeping van die Kerk te vervul.

**11.4.2 DIE LEIER-LERAAR (PRESIDERENDE PASTOOR)**

Ingevolge die bepalings van Artikel 2.4.2 van die konstitusie van die kerk sal die Leier-Leraar (Presiderende Pastoor) die Geestelike Leier en Visiedraer van die gemeente wees.

**11.4.3 AANVULLENDE BEDIENINGE**

Die Bestuursraad sal, ingevolge sy mandaat soos in afdeling 11.4.1, hiervan, in samewerking met die Leier-Leraar (Presiderende Pastoor) aanvullende bediening daarstel om die visie van die gemeente en die algemene roeping van die kerk te vervul.

**12. ALGEMENE BESIGHEIDSVERGADERING & BEHEERLIGGAAM AANSTELLINGSPROSEDURE**

**12.1** Elke vier (4) jaar met ingang van 2016 sal 'n Algemene Besigheidsvergadering gehou word op 'n plek

en tyd soos bepaal deur die Bestuursraad van die gemeente;

**12.2** Addissionele algemene besigheidsvergaderings mag byeengeroep word binne die vier (4) jaar sou daar 'n behoefte daarvoor ontstaan;

**12.3.** Die Algemene Besigheidsvergadering sal bestaan uit alle geregistreerde lidmate van die gemeente, wat een en twintig (21) dae vooraf kennis gegee is van die vergadering;

**12.4** 'n Kworum by die Algemene Besigheidsvergadering van die gemeente sal die lidmate teenwoordig wees by so 'n vergadering;

**12.5** Die Algemene Besigheidvergadering van die gemeente sal verslag ontvang van die geestelike en tydelike welstand van die gemeente, die Bestuursraad samestelling bekragtig en besluite neem oor alle wysigings tot die gemeentebeleid.

**ALGEMENE BEPALINGS**

**13. BELEID**

Om hierdie beleid op enige manier te wysig moet geskrewe kennisgewing voorgelê word aan die Sekretaris van die Bestuursraad tenminste sestig (60) dae voor die volgende Algemene Besigheidsvergadering. In sodanige kennisgewing moet volledige besonderhede van die voorgestelde wysiging/s, insluitende 'n motivering daarvoor, verstrek word. Hierna sal kennisgewing tenminste een en twintig (21) dae voor die Algemene Besigheidsvergadering gesirkuleer word en 'n twee derde meederheid stem van die teenwoordige lede by die Algemene Besigheidsvergadering sal besluit of die beleid so gewysig sal word al dan nie.

**13.1 VRYWARING TEEN ONGEMAGTIGDE OPTREDE**

Onder geen omstandighede sal die gemeente of enige ander regspersoon soos bepaal in hierdie beleid verantwoordelikheid aanvaar vir die aankope of enige ander finansiële of regsaanspreeklikheid deur enige persoon of liggaam aangegaan, wat nie behoorlik daartoe gemagtig is deur die betrokke liggaam of regspersoon ingevolge die bepalings van hierdie beleid nie.

**13.2 VRYWARING VAN LEDE**

Elke lid van enige statutêre liggaam of regspersoon, soos beskryf in hierdie beleid, sal deur die gemeente gevrywaar wees van verliese, uitgawes of skulde deur hom/haar aangegaan in die uitvoering van sy/haar pligte, met dien verstande dat sodanige verliese, uitgawes of skulde aangegaan, nie a.g.v. sy/haar eie oneerlikheid, opsetlikheid, nalatigheid of versuim veroorsaak is nie.

**13.3 VRYWARING TEEN OPTREDE VAN ANDER**

Geen lid van enige statutêre liggaam of regspersoon, soos beskryf in hierdie beleid, sal aanspreeklik wees vir die optrede, versium of onbetaalde skulde van enige ander lid van die betrokke statutêre liggaam of regspersoon, of enige verlies wat die gemeente op enige wyse mag ly nie, tensy sodanige optrede, versuim, onbetaalde skulde of verlies veroorsaak is a.g.v. sy/haar eie oneerlikheid, opsetlikheid, nalatigheid of versuim.

**14. ALGEMEEN**

14.1 Leraars van hierdie gemeente is onder geen verpligting om enige huweliksbevestigings te doen of begrafnisse waar te neem van nie-lidmate of enige persoon wat hom sou versoek om dit te doen en dit strydig met die geloofsbelydenis en sy oortuiging sou wees nie.

14.2 Die bestuursraad hou die reg voor om te besluit wie die perseel, geboue, terrein en enige eiendom vir welke rede ookal te mag gebruik, en welke beslissing finaal is en sal geen opgawe van redes tot sodanige weiering verstrek nie.

14.3 Enige lidmaat se reg tot beswaarmaking, moet alle besware of voorstelle skriftelik rig aan:

14.3.1 Die Presiderende Pastoor/Voorsitter van die gemeente en indien nie bevredigend opgelos;

14.3.2 Die Bestuursraad wie se besluit as finaal beskou sou word.

14.3.3 Enige sodanige beswaar moet duidelik die gronde daarvan vermeld en moet, sovêr toepaslik ‘n alternatief voorstel.

## 15. GOEDKEURING VAN DIE GEMEENTEBELEID

Goedkeuring ingevolge die bepalings van artikel 2.4.1 van die Konstitusie van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika:

### 15.1 GEMEENTE GOEDKEURING

Hiermee word bevestig dat hierdie beleid goedgekeur is deur 'n twee-derde meerderheid van die lidmate teenwoordig by 'n behoorlik gekonstitueerde Algemene Vergadering van die gemeente gehou op ____________________________.

| ____________________ | ______________________ | _____________________ |
|---|---|---|
| **VOORSITTER** | **GEMEENTESEKRETARIS** | **DATUM** |

### 15.2 ZOELOELAND STREEK GOEDKEURING

Hiermee word bevestig dat hierdie beleid in ooreenstemming is met die bepalings van die Konstitusie van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika, en as sulks goedgekeur is deur die Apostoliese Geloof Sending Zoeloeland streek tydens die vergadering gehou op______________________________.

| ____________________ | _________________________ | _______________________ |
|---|---|---|
| **VOORSITTER** | **SEKRETARIS** | **DATUM** |